


*Uitbeeldings in hout van party van die stasies van die kruis, uit 'n kerk in Santibanez, Spanje, waar die Camino de Santiago verbygaan. Van links af stel dit voor: Jesus dra sy kruis. Jesus val met die kruis. Jesus se kleed word geneem om uit te loot. Jesus word aan die kruis vasgespyker. Jesus sterf.*

## Waaroor gaan Lydenstyd?

Lydenstyd is die tyd waarin ons Jesus Christus se lyding asook alle ander vorme van lyding, verlies, swaarkry en pyn oordink. Dit is egter nie 'n seisoen van moedeloosheid nie, want ons weet dat Christus se lyding nie eindig by die kruis en sy dood nie, maar dat dit uitloop op die opstanding en oorwinning oor die dood.

Dit is 'n seisoen van 40 dae, in aansluiting by die 40 dae wat Jesus in die woestyn deurgebring het waartydens Hy versoek is. Lydenstyd begin op Aswoensdag en eindig 46 dae later op Stil Saterdag. Hierdie 46 dae sluit 6 Sondae in wat nie by die veertig dae ingetel word nie. Dit is omdat Sondag die dag van die Here is, die dag van sy opstanding uit die dood, 'n dag van oorwinning. Dit beteken dat daar in Lydenstyd 'n ritme is van ses dae Lydenstyd en een dag van oorwinning wat mekaar afwissel. Die Sondae is 'n weeklikse herinnering dat die lyding nie oorhand kry nie. God het oorwin. Lydenstyd eindig met Groot Heilige Week. Dié week begin op Palmsondag en eindig sewe dae later op Paassondag.

Jesus het vir ons gely, maar Hy het ook saam met ons gely. Daarom besin ons ook in Lydenstyd oor die vraagstuk van lyding as sodanig. Daar is 'n wye spektrum van temas wat tydens Lydenstyd kan aandag kry. Dit sluit in:

- Jesus se fisieke lyding (veral tydens Groot Heilige Week);
- Die feit dat Jesus vir mense ly;
- Die feit dat Jesus ook saam met mense ly;
- Menlike lyding in die vorm van siekte en pyn en gebreke, die dood van 'n geliefde, vernedering en verdrukking, oorlog, hongersnood, eensaamheid, armoede,

werkloosheid, geloofstwyfel, depressie, natuurrampe en watter ander soorte van fisieke of psigiese lyding mense ook kan ervaar;

- Introspeksie, berou en bekering;
- ’n Eenvoudige of gestroopte lewenstyl;
- Die weggee van vergaarde en onbenutte artikels in die huis;
- Die lyding van die aarde en omgewing.